NGK SINODE GOUDLAND

GOUDPOS

NUUSBRIEF NR 26-2018 • WWW.GOUDLAND.ORG.ZA

NUUS VAN ONS GEMEENTES

Twee gemeentes vat hande

Vanaf 1 Februarie 2018 het Ds. Francois van Zyl leraar van Olyfdal sowel as Meyerton-Oos geword. Dit is nie 'n samesmelting nie. Dit is een leraar met 2 bedieningspunte. Elke gemeente bly uniek maar met een leraar.

NG Kerk Lichtenburg kry nuwe leraar

Ds Izak Johannes van Zyl, voorheen van Blouwaterbaai, Port Elizabeth, word is 4 Februarie 2018 as leraar bevestig in die NG Gemeente Lichtenburg (Klipkerk). Ds Rudi van Tonder van Port Elizabeth Sherwood het die bevestiging waargeneem.

Potchefstroom-Wes ontvang nuwe leraar

Ds Jac Pienaar is die naweek van 19-21 Jan 2018 hier in Poptchefstroom-Wes gemeente ontvang en bevestig. Hy is van Taaibosspruitgemeente in die Vrystaat afkomstig.

Die koninkryk kom in Appelpark

– Neels Jackson

Kinders van Appelpark, ons is lief vir julle. Die Here is lief vir julle." Aan die woord is ds Jannie Pelser van die bediening Toekomsvenster. Hy staan op 'n verhogie in 'n mooi speelpark. Die nuwe swaaie en ander speel¬goed is vir eers onbenut terwyl die kinders na Jan¬nie luister. Vandag, 'n paar weke voor Kersfees, kom gee Toekomsvenster en ... Lees verder: http://kerkbode.christians.co.za/.../die-koninkryk-kom-appe.../

Preek laboratorium skop af

Die Preek Laboratorium ('n inisiatief van Coram Deo Gemeente in Risiville) het op Donderdag 25 Januarie met 20 persone afgeskop. En met nog 12 wat moes wag om met die volgende rondte deel te word van die Laboratorium..

Sommer op die eerste dag het die predikante al begin werk met twee alternatiewe metodes van preek voorbereiding. Hierbenewens het hulle ook vier belangrike temas geïdentifiseer waaroor hulle in kleiner groepe saam gaan navorsing doen. Met die doel om praktiese maniere te vind om die ander te help om meer effektief te leer preek.

'n Groot deel van die eerste dag is bestee aan maniere om die predikers te help om weer by hulleself uit te kom, hulle intuïtiewe kennis en innerlike wysheid te vind.... en sommer net persoonlik by die Bybelteks betrokke te raak. Sonder om in die "mode" van preek voorbereiding te gaan.

In werklikheid (só sê dr. Floris Knouwds wat die Laboratorium fasiliteer) was die eerste dag net 'n afskop. Al die

ervarings en onderwerpe van die dag word verder bespreek op ‘n gespreksforum op die internet. Hierbenewens gaan die persone wat dit bywoon by hulle gemeentes eksperimente doen, hulle ervaring daarvan (en ontdekkings daaruit) op die forum deel. En sodoende met mekaar in gesprek bly oor die groeipad na meer effektiewe prediking.

En hierdie groeipad is meer as net groei in kennis. Dis groei in die persoon van die prediker en groei in effektiwiteit in prediking. Die doel is nie om nog akademiese stof te vergader nie, maar die brug tussen kennis en praktyk te bou. Daarom word die nuutste metodes van leer wat vir volwassenes gebruik word (in besonder “collaborative” en “transformational learning”) in die Preek Laboratorium gebruik.

Volgens dr. Knouwds is hy baie tevrede met die verloop van die eerste dag van die Preek Laboratorium. En die gesprekke wat daaruit. Vir meer besonderhede: http://www.coramdeong.com/preeklaboratorium.html

NUUS VAN ONS SINODE

DAGBOEK 6-8 APRIL VIR #IMAGINE 2018

Hier is ook die skakel na die “event” op Facebook: https://www.facebook.com/events/781227558723592/?active_tab=about

NUUS UIT DIE KANTOOR VAN DIE ALGEMENE SINODE

Dag van verootmoediging 14 FEBRUARIE 2018

In hierdie tyd van knellende droogte word gelowiges uitgedaag om hulle te verootmoedig en in gebed hulle vertroue op God te plaas vir hulp en uitkoms. In die Bybel sien ons immers dat woestyn- en swaarkrytye geleenthede geword het van diepe verootmoediging. Dit was ook in dié tye dat God sy roeping aan mense bekend gemaak het en hulle opnuut bewus geword het van hulle afhanklikheid van Hom.

Die moderature van die NG Kerk in Wes-Kaapland, die VGK Kaapland, die NG Kerk in Oos-Kaapland, die Anglican Church of Southern Africa, die Congregational Kerk, die Presbiteriaanse Kerk en die Evangelical Lutheran Church of Southern Africa (ELCSA), doen nou ’n beroep op alle landsburgers om 14 Februarie 2018 ’n dag van verootmoediging te maak. 14 Februarie is Aswoensdag, die begin van die lydenstyd in die kerkjaar. Ons bede is dat in die lig van die droogte die hele lydenstyd vir die kerk van Christus ’n tyd van verootmoediging en gebed sal wees

Lui kerkklokke om 12:00

Ons versoek gemeentes om op 14 Februarie vanaf 12:00 hulle kerkklokke vir ’n tyd te lui om sodoende almal in ons gemeenskappe op te roep tot gebed en verootmoediging.

Ons versoek ook gemeentes om deur die loop van hierdie dag in elke gemeenskap ’n spesiale gebedsbyeenkoms te hou. Ons versoek is dat hierdie gebedsinisiatief die gestalte van ’n gemeenskapsaksie sal aanneem. Ons versoek ook dat kinders op spesiale maniere betrek word. Gemeenteleiers sou ook met skole kon skakel in hierdie verband.

Ons sal in die komende week ’n skrywe rig aan gemeentes met verdere wenke oor die inhoud van die gebedsgeleenthede. ’n Mediaverklaring word ook in volgende week gedoen oor die kerk se strategie van

ondersteuning ten aansien van die droogte.

Laat ons daagliks bid vir reën, maar met 'n leerbare hart, en 'n oop gemoed vir die leiding van die Heilige Gees oor elkeen van ons se roeping. Laat ons in hierdie tyd in vrede met mekaar en ander leef, mekaar bemoedig en mekaar in ons gebede dra. En laat ons hulp verleen aan elkeen wat die helpende hand van 'n naaste nodig het.

Nelis Janse van Rensburg
Voorsitter van die Moderamen NG Kerk

Verkiesing van skoolbeheerliggame

Eerskomende Sondag, 11 Februarie is Biddag vir Opvoeding en Onderwys. Dit is die ideale geleentheid om die belangrikheid van die beheerliggaamverkiesings wat in Maart vanjaar plaasvind nie, onder die aandag van ouers te bring.

Die Minister het reeds afgekondig dat die driejaarlikse verkiesings vanaf **1 – 31 Maart** vanjaar moet plaasvind. Dit is 'n saak waaroor voorbidding gedoen moet word gegewe die uitdagings wat onderwys op elke vlak landwyd ervaar. Lidmate moet aangemoedig word om nie net deel te neem aan die verkiesings nie maar hulle ook besikbaar te stel om in die beheerliggaam te dien.

Dit is 'n baie belangrike en omvangryke verkiesing met sowat 300 000 mense wat in 23 719 skole verkies moet word. Dit is inderdaad 'n wonderlike geleentheid om diensbaar te wees en 'n verskil te maak. Vir die NG Kerk is die vennootskap tussen kerk, skool en ouers van onskatbare belang.

Gustav Claassen
Algemene Sekretaris: Nederduitse Gereformeerde Kerk

Verklaring van die NG Kerk Moderatuur

Elf lidmate van die NG Kerk het gedurende 2017 'n regsproses begin om die 2016 Algemene Sinode se besluit oor selfdegeslagverhoudings nietig te verklaar. Die elf het met verloop van tyd eedsverklarings afgelê. Die NG Kerk het nou daarop gereageer deur opponerende eedsverklarings te beteken en te liasseer. Daar is nog een eedsverklaring, die van ds Thijs van der Merwe van Windhoek uitstaande, wat binnekort beteken en geliasseer sal word. Na datum daarvan het die applikante tien hofdae tyd om op die eedsverklarings repliek te lewer.

Die NG Kerk het reeds in Junie 2017 besluit om die aansoek te opponeer. Die kerk se regspan het toe so kennis gegee. In die media is onlangs verwys na 'n vasgestelde hofdatum vir hierdie saak in April 2018. Dit is egter in 'n hof waar onbestrede aansoeke aangehoor word en is dus nie in hierdie proses toepaslik nie.

Tydens die verloop van hierdie proses het beide partye aan die ander by geleentheid uitstel verleen met betrekking tot sperdatums.

Die applikante het reeds vroeër via hul prokureurs aangedui dat hulle graag die moontlikheid van 'n arbitrasieproses sal wil benut om die saak te besleg. Die regspanne van die twee partye het ooreengekom om nadat alle eedsverklarings gewissel is, oor die gebruikmaking van die arbitrasieproses al dan nie te onderhandel. Hierdie gesprekke behoort binne die volgende drie weke voortgesit te word.

Die NG Kerk hoop dat die regsproses spoedige uitsluitsel oor die aansoek sal bied.

Gustav Claassen
Algemene Sekretaris: Nederduitse Gereformeerde Kerk

NUUSBROKKIES

Badseloop-gedenkblad

Badseloop, die Noordelike Sinode se jeugkampterrein, is wyd binne die NG Kerk bekend. Die tyd het nou ryp geword om die geskiedenis van die afgelope sowat 75 jaar, en die reuse-invloed wat van daar af uitgekring het, op skrif te stel. As jy 'n bydrae of wenke/hulp wil aanbied, kontak Willus Knipe by willus.knipe@gmail.com of 082 447 1297. Vir meer inligting, klik hier.

Wêreldbiddag vir Vroue 2018

Die tema vir vanjaar se Wêreldbiddag vir Vroue is '"Hoe wonderbaar is u skepping!'" Die skrywer-land is Suriname.

Kry die bestelvorm om programme sowel as plakkate, CD's, 'n Powerpoint-aanbieding en ander materiaal deur vroegtydig te bestel, hier: http://www.wwdp.co.za/information

Sondag 11 Februarie: Voorbidding vir onderwys

Die gemeentes van die NG Kerk sal, soos gebruiklik, op 12 Februarie voorbidding doen vir onderwys en opvoeding. 'n Beroep word op gemeentes gedoen om op daardie dag uit te reik na opvoedkundige instansies en hulle personeel. Talle gemeentes het die gebruik om op 'n besonderse manier aandag te gee aan onderwysers en dosente in hulle gemeentes. Dit is 'n uitstekende geleentheid om die fokus op die belangrikheid van die onderwys te laat val.



Radio Kansel en CLF se storietydvoorlesing

CLF nooi alle gemeentelede uit om in te skakel op Radio Kansel en CLF se storietydvoorlesing uit die Desmond Tutu kinderbybel "God se kinders". Uitsendings vind plaas op Sondagmiddae vanaf 13:00 in Afrikaans, Sondagaande vanaf 17:00 in isiXhosa en Maandagaande in Engels vanaf 19:00. Verander 'n kind se lewe en bestel die Desmond Tutu kinderbybel aanlyn by https://www.clf.co.za/ of per epos by order@clf.co.za

---

KURSUSSE, LESINGS EN SIMPOSIUMS

Uitnodiging Universiteit van die Vrystaat

U word hiermee hartlik uitgenooi na die Teologiese Dag en amptelike opening van die fakulteit Teologie en Religie op **19 Februarie 2018**, Odeion Ouditorium, Universiteit van die Vrystaat van 9:00-13:00. Die tema wat onder bespreking sal wees hierdie jaar is: "Versoening: Bybelse imperatief en die Suid-Afrikaanse werklikheid".

Twee sprekers is genooi wat die tema sal belig. Prof Mary-Anne Plaatjies van Huffel, professor in die departement Sistematiese Teologie en Ekklesiologie, Universiteit van Stellenbosch, sal praat oor "Vanaf vergifnis na versoening- Versoening as 'n fundamentele Bybelse kategorie"

Prof Nelus Niemandt, professor in die departement Godsdiens en – Sendingwetenskap, Universiteit van Pretoria, sal praat oor "Kompeterende narratiewe in 'n post-Zuma landskap"

Ons is buitengewoon bevoorreg om prof Bram van de Beek, emeritus-professor van die fakulteit Teologie, Vrije Universiteit, Amsterdam, Nederland in ons midde te hê om die prediking waar te neem.

Kom en sluit by ons aan vir 'n oggend van toewyding, goed deurdagte referate en 'n interessante bespreking!

Dekaan: Prof Fanie Snyman
Fakulteit Teologie En Religie

Publieke lesing: Dr Michael Monyagh (Fresh Expressions)

Revd Dr Michael Moynagh, based at Wycliffe Hall, Oxford, works for Fresh Expressions as Director of network development and Consultant on theology and practice. He is responsible for facilitating the development of networks of individuals leading fresh expressions of church, as well as drawing together and reflecting on all that is being learnt about fresh expressions of church. He also has a watching brief on theological education and research. He is the author of various books, including Church for every context and Being church, doing life.

- Datum: **23 Februarie 2018**

- Tyd: 09:00 - 12:00
- Venue: Eeufeessaal (Kamer 2-10), Fakulteit Teologie en Religie, Universiteit van Pretoria
- Koste: R50 betaalbaar met registrasie by die geleentheid - Studente : gratis
- RSVP: **20 Feburarie 2018** na excelsus@up.ac.za (Voltooi asseblief die die inskrywingsvorm en stuur na excelsus@up.ac.za
- VBO-punte: 3 VBO-punte

Kursus: Die emosioneel verwonde 'inner child' deur prof Wenzel Coetzer

Ek word innerlik beheer deur die Emosies van 'n stukkende kind

In gevalle van oorweldigende trauma en skok (veral gedurende die kinderjare) vind daar dikwels soveel emosionele skade plaas dat 'n persoon se emosies in 'n sekeres sin 'vries' op daardie betrokke ouderdom. Fisies sou die persoon kon ontwikkel uiteindelik tot 'n volwassene van 40 of 50jr oud - innerlik is daar egter 'n klein seuntjie of dogtertjie van 6 of 8jr oud se emosies wat op 'n gereelde basis gesneller word wanneer hierdie persoon later in die lewe soortgelyke negatiewe emosies ervaar as wat die geval was tydens die kinderjare. Telkens wanneer dit gebeur dan reageer hierdie volwassene soos 'n kind van 6 of 8jr, en nie hulself of diegene rondom hulle verstaan altyd wat die diepere oorsaak is nie. In hierdie kursus let ons op 'n aantal praktiese en pastorale riglyne vir die begeleiding van sulke emosioneel verwonde persone. Ons gaan ook in besonder let op die bydrae rondom hierdie tema deur John Bradshaw in sy boek, Home coming.

Plek: Studente Hervormde Kerk – Silwer str 19, Potch (net langs klein kragstasie)

Datum: Saterdag 24 Febr 2018

Tyd: 08.00 – 13.00 (VBO asook CPSC punte)

GPS koördinate: Suid: 26.41.590 - Oos: 27.5.079

Koste: R250 pp (egpare: R350)

Handleiding te koop (opsioneel): R160 (posgeld: R40 ekstra)

Om te bespreek: U moet vooraf die nodige fooie inbetaal by:

Capitec spaar rek: 1487438425 - takkode: 470010

Rek naam: Prof WC Coetzer (bevestig dan asb daarna per e-pos)

Navrae: 0836600409 of 0825778810 of e-pos: wentzelc@gmail.com

An invitation to a unique opportunity:

A two-day symposium with renowned preacher and homiletician prof Tom Long

Theme: Preaching from memory to hope

When: **19 & 20 March 2018 -** Time: 9:00-16:00

Where: NG Stellastraat

Coast: R480-00 (inclusive of lunch and refreshments)

(Voltooi asseblief die die inskrywingsvorm en stuur na excelsus@up.ac.za

Dr. Thomas Grier Long is the Bandy Professor of Preaching at Candler School of Theology at Emory University in Atlanta, Georgia. He received his Ph.D. from Princeton Theological Seminary in 1980. He began his career as a preacher at McElroy Memorial Associate Reformed Presbyterian Church near Atlanta, Georgia and since that time has taught at a number of seminaries, including Erskine, Columbia, Princeton, and Candler.

In 1996, Dr. Long was named one of the twelve most effective preachers in the English speaking world by Baylor University, along with the likes of Fred Craddock, Billy Graham, James Forbes, Barbara Brown Taylor and William Willimon. He was ordained in the Associate Reformed Presbyterian Church and currently a minister in the Presbyterian Church (U.S.A.). He is married to professor of sacramental and liturgical worship Kimberly Bracken Long.

Dr. Long's field is in Homiletics and is a strong proponent of the two pillars of preaching: strong exegetical work held alongside with strong presentation skills. Preaching magazine named his Witness of Preaching one of the 25 most influential books on preaching in the past 25 years.[1] A standard textbook in seminary and undergraduate preaching courses, the book advocates exegetical method seeking to discern a claim from the text to provide clarity of focus and function in sermons.

INTERESSANTE ARTIKELS

Die Enneagram vir predikante

Hier is 'n baie oulike artikel uit Christianity Today waarin die nege profiele van die Enneagram van toepassing gemaak word op predikante. Veral diegene wat hulle nommer (en dus plek) ken, sal dit verhelderend vind. (met dank aan Grenspos)

The impact of gang violence on children

Gang violence is way more complex than shooting and guns. The Parliamentary Liaison Committee of the Catholic Church paints a disconcerting picture of the impact of gang violence on children in a recent briefing paper. While you are at it, also read their comments on the future of stack housing in South Africa. (met dank aan Grenspos)

VAKATURES

Vakatures in Kerkbode geadverteer

'n Lys van vakatures vir predikante, ander kerklike amptenare en verwante kerklike instansies is gerieflik beskikbaar in die NG Kerk se amptelike kerkkoerant, Kerkbode. Dit word ook via die nuwe e-Kerkbode elektronies versprei na predikante en gemeentes, sowel as ander intekenare. Klik hier vir die jongste vakatures in die NG Kerk-familie: http://kerkbode.christians.co.za/category/vakatures/

AFLOSPREDIKANTE

- Hennie le Roux: Preekbeurte – sel: 082 374 2208, epos: hennieleroux@yebo.co.za – Wesrand
- Zachie le Roux: Brugpredikant, preekbeurte – sel: 083 799 5911, epos: zachie.leroux@gmail.com – Randburg
- Dr Meyer de Kock: Termyn-aflos 4-6 weke op platteland – sel: 082 459 6707, epos: gelmi@absamail.co.za – Odendaalsrus
- Dr Henk Gous: Preekbeurte – sel: 083 267 0108 - epos: henkgous@mweb.co.za
- Hennie Lombard: Beskikbaar vir optredes op die Wes Rand of selfs verder – tel: 011 672 4610 of 072 231 7626, epos: hennielombard@telkomsa.net
- Terence Cooke: Preekbeurte – sel: 0827759570, epos: cookie@telkomsa.net - Potchefstroom.
- Matthys Steyn: Preekbeurte en aflos – epos: grootthys@gmail.com, sel: 0824595139 - Wesrand
- Swannie Swanevelder: Poppekas-bediening - van voorskool tot hoërskool - sel: 072 187 0259 - Wesrand
- Andries Grobler: Brugbediening, kort en langer aflostermyne, preekbeurte - sel 081 341 0659 of 011 954 2357, epos: andries.grobler@gmail.com - Wesrand
- Johan Ainslie: Aflos, preekbeurte - sel: 083 310 9268 - Wesrand
- Elize Nel : Aflos preke ens. - Zeerust - sel: 082 475 2740
- Benjan Knoetze: Preekbeurte, aflos - benjanknoetze@gmail.com - 082 505 2924 - Potchefstroom
- dr Theo Marais: Aflos, preekbeurte - theo@constantiakruin.co.za - 082 5700 769 - Wesrand
- Stanus Cloete: Afloswerk en preke - stanus@agosolf.co.za - 082 887 9600 - Randburg.

Laat weet asseblief as jy beskikbaar is as aflospredikant, asook vir preekbeurte, of as jy van 'n proponent of emeritus-predikant in die gemeente weet wat beskikbaar is vir preekbeurte of aflos. Stuur assebblief kontakbesonderhede aan ds.noel@ngkgoudland.org.za

---

INTEKEN/KANSELLEER

- Ek wil asb inteken op GOUDPOS
- Kanselleer my intekening op GOUDPOS